

Saterdag 5 April

Skrifgedeelte: Jeremia 7:1-15

Fokusgedeelte: Jeremia 7:3-8 (AFR83)

Valse godsdiens bring valse gerustheid wat bekering verhinder

Jeremia bring hierdie boodskap nadat Jojakim koning van Juda geword het (Jer. 26:1-5). In 'n tyd van bedreiging en onsekerheid soek die volk na bemoediging. Daarom kom hulle tempel toe, want daar was priesters en profete wat hulle moed kon inpraat. Wanneer hulle by die tempelpoort uitkom, staan daar 'n figuur wat sê: *“Moenie julle vertrou stel in leuens nie. Julle sê: ‘Ons is veilig! Dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel!’”* (Jer. 7:4). Dit is 'n tyd van onheil, maar die volk bekommer hulle nie veel nie. Hulle is 'n godsdienstige volk en met die tempeldiens word vrese besweer en skuldgevoelens weggepreek en weggeoffer. Die tempel is ook simbool van God se teenwoordigheid en waarborg van sy beskerming. Hy sal hulle nie in die steek laat nie.

Juis dié valse gerustheid lei tot 'n uiterlike vormgodsdiens wat bekering verhinder. Wat kort, was die uitoefening van God se heerskappy. Onskuldige en weerlose mense is veronreg, en afgode is aanbid. Daarom die oproep tot bekering (Jer. 7:5).

Pasop vir 'n uiterlike vormgodsdiens! Dit bring 'n valse gerustheid wat bekering verhinder. Ware aanbidding gaan oor 'n hartsverhouding met God! Jou godsdienstige handeling soos Bybellees, bid en erediensbywoning kan rituele raak om jou gewete te sus. Dan dink jy God sal jou seën omdat jy by die erediens was en daagliks stiltetyd gehou het. Maar die eintlike vraag is: Het jy 'n ontmoeting met God gehad tydens die erediens en in jou stiltetyd?

Sonder 'n ontmoeting met God kan geen bekering plaasvind nie. 'n Ontmoeting met God sal jou lewe verander! In Christus het ons die wonderlike voorreg om tot God te nader en Hom te ontmoet (Heb. 10:19-22).

Sing: Psalm 33-1:1, 11
Ds. SJ (Stephan) Briel (Bergbron)